**Dave Lubbe** 

# dieretuinmaanhaar

as jy
om en om
die muf
nou tonnel
onder die hoë mure stap
kan jy nog die wye kalaharivlakte onthou
die reuk van rosyntjiebos en kameeldoring
en vars elandspore
hoe hoog die duingras
in goeie jare kon groei
as jy die koue
lewelose donkievleis vreet
kan jy nog onthou hoe warmsag
'n springboklewer en binnegoed is
hoe die louwarm
bloed van 'n gemsbok
aan jou maanhare kon kleef
die behae voel om moeg
na 'n jagtog
die pensvel van 'n zebra oop te skeur
te koes vir die venynige hoewe
die doodsvrees in die oë
as jou kake om die lugpyp sluit
hoe jy vir jou lewe moes veg
as jou wyfies op hitte kom
onthou jy nog
hoe jý bepaal het
wie by die watergat kon drink
of het die beton en staal
jou gees en drome getem
jou 'n plastiekwêreldburger gemaak
soos jou apiebuurman
wat sigarette rook
en marshmallows eet



13 Kreatief 03.pmd 175 1/31/2006, 12:37 PM